en Susan Botha, skrywer/joernalis, genader het. Hy was bewus daarvan dat hulle reeds besig was met navorsing om 'n skryfprogram te ontwikkel.

Daar is besluit om te begin met 'n twee ure werkswinkel, gefasiliteer deur die Vriende van Bonteheuwel Biblioteek.

Doelwit

- ☺ Om 'n liefde vir Afrikaans, Engels en skryf te ontwikkel en te bevorder.
- ☺ Om die belangrikheid van lees en die biblioteek te bevorder.
- ☺ Om die leerders se selfwaarde en selfvertroue te ontwikkel.
- ☺ Om uiteindelik te kyk na moontlike loopbane binne die skryf/leesbedryf.

Werkswinkel

'n Werkswinkel van sowat twee en 'n half ure is gedurende die Septembervakansie aangebied as inleiding tot die skryfkuns. Die onderwyser het dit ook meegemaak.

Daar is gou besef dat die meeste van die leerders ernstig en baie entoesiasties is oor hul skryfwerk en dat 'n opvolgsessie(s) nodig sal wees. Die onderwyser het ook hierdie sessie bygewoon.

Die leerders het ook laat blyk dat skryfwerk en die kursus 'n uitlaatklep is vir die sosiale euwels waarmee hulle gekonfronteer word.

Die Vriende van die Biblioteek het gesorg vir versnaperinge en middagete.

Die pad vorentoe

- ☺ Die groep (fasiliteerders, leerders en onderwyser) het besluit om 'n uur lange sessie een keer per maand te hou.
- ☺ Die biblioteek gaan ook help om Internet-adresse vir die leerders te skep, waardeur hulle deurentyd in verbinding kan bly met die fasiliteerders.
- ☺ Die vooruitsig van 'n skryfklub word ook ondersoek. Veral in die lig daarvan dat meeste van die leerders wat nou betrokke is, Graad 7-leerders is wat volgende jaar na verskillende sekondêre skole toe gaan.
- ☺ Leerders van ander skole wat belangstel om hierdie sessies by te woon, word hartlik uitgenooi om die organiseerders te kontak by 021 694 4684.

Skryfprogram wat werk

JULIAN SCHROEDER
Bibliotekaris, Bonteheuwel Biblioteek

Sowat twaalf leerders van Laerskool Boundary het 'n onderwyser by die skool genader vir hulp met hul skryfwerk. Die groep het reeds heelwat op hul eie geskryf: gedigte en kortverhale.

Die onderwyser, Abdulgakiem Samodien, is na Julian Schroeder (bibliotekaris), wat op sy beurt vir Leonard Koza, 'n bekende skrywer